## Betekenis en ontstaan van die aarde

**106**(Die Meester:) "`n Deel van sulke ontbonde geeste wil egter nog op die een of ander planeet die weg van die vlees deurmaak. Sommiges doen dit ook in die son, in `n sone wat hul natuurlik die meeste aanstaan; heel weinig van hulle kom egter na hierdie aarde toe, aangesien die liggaamlike lewe vir hulle hier te moeilik voorkom, omdat hulle hier selfs enige herinnering aan `n vroeëre bestaan moet opgee, en heeltemal van vooraf `n nuwe bestaan moet opbou, en dit is op die ander planete en hemelliggame nie die geval nie.

[2] Want daar behou die geïnkarneerde geeste altyd `n soort droomherinnering aan die vroeëre bestaans-toestande, en die gevolg daarvan is dat die mense op die ander planete en hemelliggame van die begin af aan reeds baie wyser en bedagsamer is as op hierdie aarde. Maar daarom kan hulle ook nie vorder om `n hoëre trap van die vrye lewe te bereik nie. Hulle lyk, soos wat reeds vroeër ter sprake gekom het, meer na die diere van hierdie aarde, wat reeds van nature vir hul bestaan toegerus is met die bepaalde, instink-matige ontwikkeling waarin hulle altyd `n groot vaar-digheid en perfeksie aan die dag lê, sodat die mens hul met al sy verstand in heel baie dinge nie sou kon ewenaar nie. Maar probeer nou om `n dier daar-benewens in ander dinge te onderrig, en jy sal dit nie veel nuttigs kan bybring nie!

[3] Daar is wel die wat soveel kan leer dat hulle dan vir heel eenvoudige en growwe werk gebruik kan word, soos die os om te trek, die perd, die donkie en die kameel om te dra, `n hond vir die opspoor, jaag en aandryf; maar veel meer as dit sal jy hulle nie kan bybring nie, en taal kan hulle glad nie leer nie. Die eenvoudige rede daarvoor is ook dat die vae herinnering aan hul vroeëre bestaanstoestande die dieresiele nog steeds soos in `n oordeel vashou en besighou, en dat hulle sodoende in `n soort verdowing lewe.

[4] Slegs by al die mense van hierdie aarde doen die volkome unieke geval hom voor dat hulle al hulle herinneringe kwytraak, en daarom van vooraf met `n algeheel nuwe lewensorde en - ontwikkeling begin, wat so gemaak is dat elke mens tot `n volkome ewebeeld van Elohim kan opgroei.

[5] Maar daarom kan `n siel op hierdie aarde ook net geïnkarneer word as sy afkomstig is van `n son waarin nog alle oer-elemente byeen is, en waar sy reeds `n liggaamlike bestaan deurloop het, en sodoende al die spesifieke siele-intelligensiedeeltjies in haar het wat vir die voltooiing van die hoogste vorm van geestelike lewe nodig is - of as sy direk afkomstig is van hierdie aarde, en voorheen al drie die so genoemde natuurryke deurloop het, vanaf die grofste rotsmaterie deur alle mineraallae, vandaar deur die totale plante-wêreld, en ten slotte deur die hele dierewêreld in die water, op die aarde en in die lug.

[6] Daarby moet mens egter veral nie dink aan die stoflike liggaam nie, maar aan die geestelike siele-element daarin; want die omhulsel het weliswaar ook geestelike en siels-eienskappe in haar wese in die verdere analise, maar dit is op sigself nog te laag, te traag en te grof, en dra nog te duidelik die stempel van eieliefde, selfsug, en hoogmoed, en van die trae, luie genieting van die uitermate gulsige, suinige en die dodelike draende, toornige heerssug. Dié materie moet eers deur veelvuldige ontbinding, en slegs gedeeltelike oorgang opgeneem word in die suiwerder substansie wat die siel omhul en beklee; vir die eintlike sielsubstansie sal daarvan gewis nooit iets bruikbaar wees nie.

[7] Daarom is daar op hierdie aarde ook meer verskillende soorte minerale, plante en diere as op alle ander planete en sonne, natuurlik elkeen afsonderlik gesien. Almal saam sou wel `n groter aantal soorte oplewer, maar op elke ander hemelliggaam afson-derlik vind `n mens in die hele skeppingsruimte nie `n honderd-duisendste deel van die talle soorte wat hier op hierdie aarde in elkeen van sy drie ryke voorkom nie. Juis daarom is dit ook maar net hierdie aarde wat aangewese is om in die waarste sin van die woord Elohim se kinders te dra.

[8] Hoe en waarom is dit so? Die situasie van hierdie aarde is iets heel eienaardig. Sy hoort weliswaar nou as planeet by hierdie son, maar streng genome is sy nie afkomstig uit hierdie son soos wat alle ander planete, uitgesonderd die een tussen Mars en Jupiter, wat egter deur bepaalde, bose oorsake reeds sesduisend jaar gelede verwoes is, of eintlik deur homself en deur sy bewoners verwoes is nie. Hierdie aarde het oorspronklik uit die oersentraalson ont-staan, en is in `n bepaalde opsig wat tyd betref, vir julle onvoorstelbaar baie ouer as hierdie son. Tog het sy eintlik pas begin om stoflik te word, nadat hierdie son reeds lankal as `n gevormde hemelklomp die eerste omloop om sy sentrale son begin het, en sy het toe haar feitlike, stoflike liggaam tog hoofsaaklik uit hierdie son na haar toe aangetrek."

## Die ontstaan van die maan

**107**(Die Meester:) "Talle duisendmaal duisende aardse jare gelede was sy (die aarde) aansienlik swaarder, en haar geeste was onder groot druk. Toe ontsteek die erger geeste egter in toorn en hulle maak hulleself inderdaad met heelwat growwe materie van haar af los, en swerm gedurende talle duisende jare in

`n uiters onreëlmatige baan om hierdie aarde.
[2] Omdat al die dele egter, op enkele brokke na, volkome sag en die helfte vloeibaar was en alles voortdurend ronddraai, vorm dit ten slotte `n groot bol, waarvan die as-omwenteling vir sy klein deursnee veels te stadig was om op sy oppervlakte, wat nie gering is nie, te sorg vir `n gelykmatige verdeling van die vloeistof, terwyl sy omwenteling rondom hierdie aarde baie vinnig was, sodat alle vloeistof altyd op die teenoorgestelde kant van die aarde moes bly weens die ou gewig tydens die uitstoting.
[3] Daardeur word egter die eintlike swaartepunt van hierdie ronde klomp steeds meer na die kant verskuif waar alle vloeistof voortdurend is en so moes mettertyd die te stadige eie-asrotasie van hierdie klomp ten slotte algeheel ophou toe die water nie meer so vinnig deur die klomp kon sypel nie, omdat die klomp kompakter geword het en die golwe wat dit saamgeneem het, teen die ontstane hoë bergwande te veel gebreek en weerstand ondervind het. Die hele klomp begin toe die aarde, wat hom uitgewerp het, slegs één en dieselfde gesig te laat sien.
[4] En dit was goed, sodat die geeste wat te hardnekkig was, kon ondervind hoe goed dit is om in `n baie droë materie wat byna geen voedsel het nie, opgesluit te wees. En terselfdertyd dien hierdie deel van die maan (want die klomp waarvan hier sprake is, is ons maan) sedert hierdie aarde deur mense bewoon is, ook om mensesiele, wat te veel van die wêreld hou, daarheen te verwys. Van daar af kan hulle, voorsien van `n fyn, stoflike omhulsel, hul mooi aarde ver weg op `n afstand van meer as honderdduisend uur deurgaans enige duisende jare lank meer as werklik genoegsaam bekyk, en hulleself bekla omdat hulle nie meer haar suinige bewoners is nie. Dat hulle egter ondanks al hul verlange nie weer na benede na die aarde toe kan kom nie, is daar gewis baie goed voor gesorg. Maar etlike eons aardse jare sal op die duur ook die allerhardnekkigstes tot besinning bring!
[5] Nou het julle dus gesien hoe die hele materiële skepping van die wêrelde ontstaan het tot en met die mane van die planete, wat feitlik orals waar mens hulle aantref, op dieselfde wyse ontstaan het, dieselfde aard het en nou dieselfde doel dien.
[6] Op gelyke wyse, en om dieselfde rede soos waarop oorspronklik die hele stoflike skepping van die wêrelde tot en met die mane tot stand gekom het uit geeste wat in hulself ineengestort het, ontstaan met die verloop van tyd op die harde en swaar hemelliggame ook die berge as die eerste reusagtige plante van `n wêreld, en later allerlei plante, diere en ten slotte die mens self.
[7] Verbeterde geeste ontworstel hulle gewelddadig aan die steeds toenemende druk van die materie, deur met die krag van hul wil hul eie materie op te los. Hulle kon dadelik oorgaan in die orde van die suiwer geeste, maar die ou prikkel laat ook nog steeds sy ou krag geld. Die eieliefde word dadelik weer wakker, die plant suig, die dier vreet, en die mensesiel soek net `n kort rukkie, nadat hy in die ou goddelike vorm teruggekom het, begerig na stoflike kos en `n soortgelyke, trae gevoel van welbehaaglikheid. Die siel moet haarself daarom dadelik weer met `n stoflike liggaam omhul, wat egter tog sagter en dus nie so hard as die ou, sondige materie is nie. Ondanks die sagter liggaam neem die siel daarin tog sodanig in eieliefde toe dat sy weer heeltemal in die hardste materie sou verander het as Ek nie in sy hart `n bewaker, `n vonkie van My liefdesgees, sou geplaas het nie."